# Bedieninge:

1. **KLEINGROEPE**

Indien jy 'n klein groep wil begin, ons wil jou graag ontwikkel en help met opleiding asook materiaal om jou teen volle toe te rus. Kontak gerus vir Riaan Bergh by riaanbergh@kerk.co.za vir enige navrae.

2. **ONTDEK AANLYN**

Indien jy by ons Ontdek kursus betrokke wil wees deur ondersteuning te bied vir die persone wat aanlyn Ontdek kursus doen, kan jy gerus met Riaan Hugo gesels deur hom te kontak by riaan@kerk.co.za

3. **TIC (TIENERS IN CHRISTUS) op Vrydae 17:00-20:00**

Ons Tienerbediening vind plaas elke Vrydagaand gedurende die kwartaal by die kerk. Hier wil ons graag vir tieners 'n omgewing skep wat vir hulle lekker, gemaklik en veilig is, ons wil graag diep en egte verhoudings bou maar ook vir hulle leer oor die Here Jesus en hoe 'n verhouding met Hom ook lyk. Indien jy graag wil betrokke raak by die tieners kan jy gerus met Nicole Dreyer kontak maak by nicole@kerk.co.za

4. **STUDENTE BEDIENING op Dinsdae 18:00-20:00**

Ons studentebediening gebeur elke Dinsdagaand by die kerk in die Jeugsentrum. Hierdie is 'n omgewing vir studente om ander studente te ontmoet maar ook om mekaar aan te moedig in 'n verhouding met Jesus. Indien jy hier wil betrokke wil wees kan jy gerus kontak maak met Nicole Dreyer by willie@kerk.co.za

5. **KINDERS OP-PAS SPAN**

Ons het baie kursusse en groepe wat deur die week bymekaar kom by die kerk. Met alles wat gebeur is daar 'n behoefte vir gesinne, dat daar 'n omgewing is waar hulle kids veilig is. As jy 'n hart en passie het vir klein kinders, wil ons jou uitnooi om deel te word van hierdie span! Maak gerus met Liezel by liezel@kerk.co.za

## 6. GEBEDSPAN

Ons het verskeie gebedsgeleenthede waar by jy kan inskakel. Ons moedig jou graag aan om in te skakel by hierdie geleenthede. Vir navrae kontak gerus die persoon verantwoordelik.

**Woensdae 18:00-19:00**

Danie Kotze 0744484466

**Saterdae 08:00-09:00**

Philip van Straaten 0610156516

**Sondag**

**08:00** Quartus Schimper 0727707877

**09:45** Nerine Beukes nerine.beukes@gmail.com

**18:00** Willie de Beer willie@kerk.co.za

## 7. DOOP BEDIENING

Ons vind groot vreugde in mense wat die stap van gehoorsaamheid neem om gedoop te word. Indien jy graag wil deel wees van die span wat mense wil doop kan jy gerus kontak maak met Christa Botha by christa@kerk.co.za vir enige navrae

## 8. MUSIEKSPAN

Ons musiek span skep elke Sondag vir ons 'n wonderlike omgewing om die Here te aanbid. Indien jy gawes en talente het om hierdie omgewing nog beter te maak kan jy gerus kontak maak met Debbie Brink by debbie@kerk.co.za vir enige navrae.

## 9. KOMBUISDIENSTE OP SONDAE

Elke Sondag kuier ons baie lekker op die grasperk na kerk. Hierdie is 'n omgewing vir mense om met ander gemeentelede weer op te vang, dalk te bid oor iets of dalk net om 'n lekker koppie koffie saam met vriende te geniet, saam met daai lekker beskuit van die kerk. Indien jy by hierdie span wil betrokke raak wat elke Sondag die kombuis voorberei en na die diens mense bedien kan jy gerus kontak maak met die verskillende persone wat verantwoordelik is by die spesifieke dienste.

**08:30** Magda Diederichs 0742018216

**10:15** Magda Diederichs 0742018216

**18:30** Nicole Dreyer nicole@kerk.co.za

## 10.NAGMAAL SPAN

Ons het elke kwartaal geleentheid vir Nagmaal. Hierdie is vir ons spesiale dienste. Ons wil jou aanmoedig as jy 'n "agter die skerm" tipe vrywilliger is, om deel te wees van hier die span mense wat alles voorbereid vir so nagmaal diens. Indien jy wil betrokke raak kan jy gerus kontak maak met Willie de Beer by willie@kerk.co.za

## 11.AANLYN BEDIENING

Ons het 'n span mense wat elke Sondag tydens die diens ondersteuning bied vir ons aanlyn gemeente. Indien jy tegnies aangelê is en graag hier wil help kan jy gerus kontak maak met Riaan by riaan@kerk.co.za

## 12.SONDAG OGGEND KINDERBEDIENING

Ons kinderbediening op Sondae, tydens die kwartaal, is vir ons 'n prioriteit. Ons hart met die kinderbediening is om kinders, op hulle vlak en ouderdom te bedien met die Here Jesus, sodat hulle Hom waarlik sal leer ken as Here en Verlosser van hulle lewens. Of hulle 2jaar oud is en of hulle 18 jaar oud is, ons hart is dieselfde.

Ons het 3 verskillende areas van kinderbedieninge. Peuterkerk vir die 2-4 jariges, Kleuterkerk, vir 4-6 Jariges en die Kinderkerk vir graad 1-5. Jy kan gerus met Annette van Baalen by annette@kerk.co.za kontak maak indien jy wil deel wees van die span mense wat hierdie kinders bedien.

Indien jy by die bietjie ouer kinders wil betrokke raak, kan jy by ons Draaipunt bediening inskakel, wat die graad 6-7 kinders is wat in die Timoteussaal onder bymekaar kom. Kontak gerus vir Nicole by nicole@kerk.co.za

Indien jy by die tieners op Sondae wil deel wees van die span, kan jy gerus met Nicole Dreyer kontak maak by nicole@kerk.co.za Hierdie bediening is die Bybelskool bediening vir die graad 8-12's.

## 13.VERWELKOMSPAN BY SONDAGDIENSTE

Ons is baie opgewonde oor elke persoon wat Sondae kerk toe kom. Vir hierdie rede het ons 'n span mense wat verwelkoming doen by die deure sodat elke persoon wat by ons deur instap welkom sal voel en aanvaarding sal beleef. Indien jy by die span wil inskakel kan jy gerus kontak maak met die spesifieke spanleiers van elke diens.

08:30 Cindy Loretz 0842066639

10:15 Marilize Fourie 0721169199

18:30 Amy Greyvensteyn 0762177277

## 14. UITREIKE

Ons is sterk oortuig dat die Here ons roep om te gee. As jy 'n liefde het om te dien, ander te help en vrygewig wil wees en wil deel wees van die span mense wat die beplanning doen van die kerk se uitreik program kan jy gerus kontak maak met Willie de Beer by willie@kerk.co.za

## 15. BEMOEDIGING VIR OUERS MET JONG KINDERS

Wil jy graag ouers met jong kinders bemoedig, ondersteun en vir hulle bid? Kontak gerus vir Ermi Spies by 0827358497 om by die span in te skakel.